Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

2021-04-22

Geagte ouers

NUUSBRIEF 9/2021

LEIERSKAP

Prefekte 2021: Veels geluk aan die volgende leerders wat amptelik tot prefekte van Laerskool Stulting verkies is. Die vier hoofleiers sal op 14 Mei 2021 bekendgemaak word.

Allan, Jake	Bredell, Issataya
Botha, Edward	Conradie, Naruschka
Brink, Steph	Humby, Emma
De Lange, Callie	Jacobs, Soné
Dreyer, Daniël	Landman, Annelé
Geswint, Ty	Nel, Eliska
Janse van Rensburg, Janu	Prinsloo, Keziah
Le Roux, Philip	Rose, Lianca
Nel, Ruan	Rossouw, Leelynn
Pieterse, Jayden	Van de Putte, Phil-Mari
Spangenberg, Juandré	Van Niekerk, Lizzy
Van der Merwe, Merwe	Nel, Fioné
Van Loggerenberg, Elandré	
Welch, Edrich	

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

AKADEMIE

Akademiese Rooster: Daar is tans gesprekvoering tussen die Departement van Onderwys en ander regeringsstrukture aangaande die besluit om alle laerskool leerders volgende kwartaal terug te bring skool toe. *Daar is nog geen besluit hieroor geneem nie.* Ons sal ons ouers dadelik inlig indien en wanneer 'n amptelike besluit hieroor geneem is.

Tans vereis departementele wetgewing steeds dat skole met beperkte spasie nie al hul leerders en grade op een slag by die skool mag ontvang nie;

> *"a school must comply with the social distancing and timetable models", "... a school with large enough facilities may continue to operate in accordance with their traditional timetable"*.

Ons sal dus tot verdere kennisgewing steeds volgende kwartaal voortgaan met die alternatiewe dag skoolbywoning soos dit tans daaruit sien.

Akademiese Rapporte: U ontvang hierdie kwartaal slegs 'n *voorlopige* akademiese rapport. Die 2021 sagteware, vir die departementele SASAMS-program wat vir die berekening van punte gebruik word, is nog nie beskikbaar nie. Ons sal die amptelike akademiese rapport vrystel sodra dit beskikbaar is.

Skole heropen: Skole heropen soos volg: Maandag 3 Mei vir die B-groep (*Dag 3*).
Dinsdag 4 Mei vir die A-groep (*Dag 4*).

Skooluniform: Wanneer die skole in Mei heropen, dra alle leerders hul winter skooluniform.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Skoolure: Neem asb. kennis dat die skoolure vir die Gr. 4-7-leerders aangepas word.

Gr. RR-2:	07:30-13:00
Gr. 3:	07:30-13:30
Gr. 4-7:	07:30-14:00

Ouer-onderwyservergaderings: Geleentheid om u kind se akademiese vordering te bespreek vind op Woensdag (5 Mei: 16:30-19:00) en Donderdag (6 Mei: 16:30-19:00) in u kind se registerklaskamer plaas. Weens COVID-19 protokolle moet u ‘n afspraak hiervoor maak. Afspraakbriewe moet op Maandag 3 Mei teruggestuur word skool toe.

SPORT EN KULTUUR

Buitemuurse aktiwiteite: U ontvang ‘n wintersport buitemuurse rooster wat op Maandag 10 Mei 2021 in aanvang neem. Leerders wat nie die dag by die skool was nie (*Skooldag by die huis*), mag die oefeninge bywoon en moet om 12:45 of 13:45 onderskeidelik en waar van toepassing, by die rugbyveldhek in Piet Uysstraat rapporteer.

Netbal: Die o/12- en o/13-Humansdorp-soneproewe vind op 4 Mei plaas, terwyl die Sarah Baartmanproewe op 8 Mei sal plaasvind.

Stultinggroete

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF